SKOOLGELD 2025

Tydens die ouerbegrotingsvergadering op 28 Oktober 2024, is daar besluit dat skoolgeld vir 2025 vooruitbetaalbaar is. Indien die volle bedrag nie op 28 Februarie vereffen is nie, onderneem die ouer om die skoolgeld in ***elf gelyke paaiemente*** **te betaal.**

SKOOLGELDE VIR 2025

GRAAD	PER MAAND	PER JAAR
Graad R - 7	**R1 530.00**	**R16 830.00**
Welpies	**R1 950.00**	**R21 450.00**

Die eerste paaiement is betaalbaar wanneer die skool in Januarie heropen. Indien u nie ‘n debietorder gereël het nie, moet u ‘n elektroniese betaling of ‘n direkte deposito by die bank maak. Gebruik die korrekte verwysing (rekeningnommer op staat) met inbetalings en oorplasings van skoolgeld.

DEBIETORDERS

Bogenoemde word oor 11 maande gehef vanaf Januariemaand tot Novembermaand.
U moet ‘n debietorderaansoekvorm voltooi wat jaarliks oordra na die volgende jaar.

GEEN KONTANT WORD AANVAAR NIE

In belang van die veiligheid van ons leerlinge en skoolpersoneel word geen kontant t.o.v. skoolgeld by die skool aanvaar nie. **Betaling van enige ander insameling of projekte word per Karri-toep gedoen**. Kontak vir Vicki by vicki@fichies.co.za vir enige navrae i.v.m. Karri-betalings.

BANKBESONDERHEDE VIR INTERNETBETALINGS OF DIREKTE DEPOSITO’S

ABSA - Fichardtpark Primêre skool
Rek nr. - 1570 320 900
Takkode - 632005
Verwysing skoolgeld- Rekeningnommer op staat (of kontak Marna van Vuuren)

VOORUITBETALINGS

Indien die hele jaar se skoolgeld voor of op 28 Februarie 2025 ten volle vereffen is, word 5% korting toegestaan. Neem kennis van die bedrae na korting soos in die onderstaande tabel uiteengesit.

GRAAD	PER JAAR	BEDRAG NA 5% KORTING
Graad R - 7	**R16 830.00**	**R15 988.50**
Welpies	**R21 450.00**	**R20 377.50**

STATUTêRE VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

Ouers wat wil aansoek doen om volle - of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld kan ‘n aansoekvorm by die kantoor afhaal vanaf 27 Januarie 2025. Dokumente moet binne 14 dae na ontvangs deur die aansoeker terug gegee word. Die aansoeke sluit op 28 Februarie 2025. **Kleuters van die Welpies kwalifiseer nie vir enige vry-stelling van skoolgeld nie.**